# Week 3:

## Lukas 19:1-10




## Saamgesels *(maak tyd om na mekaar te luister)*

*Hoe het mense in die verlede al jou geloof sterker gemaak, ge-ondersteun, jou gehelp om te glo?*

## Wat sê die Bybel? *(maak tyd om na die Woord te luister)*

**Vinnige re-cap oor vorige week:**

Die realiteit is dat ons verhouding met die Here oor tyd afkoel. Wat dink julle waarom gebeur dit?

Hoe het jy al in jou woestyn-tye die Here sien werk?

**Lees Lukas 19:1-10**

Jesus doen niks toevallig nie. Net voor Jericho **laat Hy 'n blinde man sien (18:35-43)** en nou as Hy in Jericho kom, lees ons die storie van Saggeus wat moeilik sien en die mense van die stad wat verkeerd sien.

**Wat leer julle oor wie Saggeus was** en hoe die mense hom hanteer het? **(Verse 2-4, 5-6, 7)**

Soos met die blinde man, is dit **Jesus se stilstaan by hom (v 5)** wat Saggeus se lewe verander. Hoe steek dit 'n vuur in mense se lewens aan?

*Hoe sien Jesus jou raak en wat wil jy hê moet Hy van weet...?*

Wat is **Saggeus se reaksie** – en waarom dink julle is dit oordrewe – hy belowe eintlik om meer weg te gee as wat hy het...?

*Watter clue is daar in die manier hoe Jesus Hom onvoorwaardelik aanvaar?*

Wat beteken **vers 9 en 10** vanaand vir jou? Bespreek

- "Vandag het daar redding in hierdie huis gekom; (*die redder is Jesus, nie Saggeus se reaksie nie)*
- Hierdie man is 'n kind van Abraham; (*watter beloftes aan Abraham kan julle aan dink?)*
- Die Seun van die mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is."

## Sluit hierdie Bybelstudie met gebed af *(maak tyd om na mekaar se harte en na die Here te luister)*

- **Wat is daar op jou hart wat jy graag vanaand met die Here wil deel?**
- **Waarvoor wil jy dankie sê?**
- **Wat wil jy vra?**
- **Vir wie bid jy vanaand spesifiek?**

*"The only basis for fruitful Christianity (the only source of our power) is divine union, connection."* **Richard Rohr**